

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

ds. PJ Kriel

14.07.2019

Inhoud Hierdie preek wys hoe God gelowiges waardig en lief maak om besig te wees met die goeie werke waarvoor God hulle bestem. Hierdie daad van God maak dat gelowiges weet hul lewe en werk is die moeite werd vir God, al probeer goddeloses hierdie lewe kaap en werk kaap. Teenoor hierdie lewenswyse staan die leeglêery van goddelose geestelikes en magtiges wat hul wil bedrywig hou met gelowiges se werk en lewe sonder dat hul met hul eie werk en lewe besig is waarvoor hulle geroep en bestem is. Paulus wys die gelowiges hoe om te volhard met hul eie lewe en werk, en nie hierdie waanwêreld van leeglêers te onderhou en te finansier nie.

Skriflesing 2 Tessalonisense 1: 11 – 2: 1; 2: 7 – 12; 3: 6 -13.

Teks 2 Tess. 1: 11 “Mag ons God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het, en mag Hy deur sy krag julle liefde vir die goeie werke en die werk van die geloof volkome maak.”

Tema Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

1. Hoe lyk 'n leeglêer? Hoe lyk leeglêery?

In ons gemoed is dit 'n dronk bedelaar sonder enige besittings, verslons, vuil, stink en wat die hele dag lank net lê en slaap of sommer net niks doen nie.

In die Christelike geloof wat Paulus hier in sy tweede brief aan die gelowiges in Tessalonika skryf, is om leeg te lê en 'n leeglêer te wees iets heeltemal anders. Paulus beskryf dit só: Dit is mense wat nie met hul eie werk besig is nie en hulle met ander se sake wil besig hou.

Die Griekse woord wat ons vertaal as leeglê beteken nie om niks te doen nie. Dit beteken iets soos “om met betrekking tot werk, besig te wees” of “om aangaande werk besig te wees”. Daarom beteken dit in hierdie brief om bedrywig te wees sonder om die werk te doen wat jy moet doen!

Waarmee is hierdie leeglêer en leeglêery besig? Met alles en almal se werk, behalwe sy eie waarmee hy nie mee besig is nie! Daarom beteken dit in hierdie brief om bemoeisiek besig te wees met ander mense se lewe en werk, terwyl jy nie besig is met jou eie lewe en werk nie.

2. Die kinders!

Vandag se preek gaan oor leeglêers wat mense wat goeie werk doen, moeg maak! Julle ken leeglêers! Jy werk die hele dag op al jou huiswerk gedoen te kry, jy kom by

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

die skool en dan vra hulle jou om jou huiswerk vir hulle te gee om dit af te skryf. Dit is omdat toe jy gewerk het, hulle leeggelê het – gelê en niks doen het nie.

Leeglê in hierdie brief is wanneer daardie kinders wat jou huiswerk afskryf na jou kom en vir jou sê jy moet jou huiswerk baie beter doen, want hulle kan nie sulke huiswerk soos wat jy doen, gebruik nie, dit stel hulle in 'n swak lig. Dan begin hulle vir jou voorskryf asof hulle jou onderwyser is hoe jy jou huiswerk moet doen, sodat hulle goeie punte kan kry as hulle jou huiswerk afskryf.

Die Bybel wys dit is hoe leeglêers is: hulle bemoei hulle altyd met jou werk en lewe omdat hulle nie besig is met hulle werk en lewe nie. Hulle wil jou beheer en voorskryf hoe jy jou lewe moet leef en jou werk moet doen, en dit voel hulle is hulle werk.

Sulke kinders maak jou moeg! Moeg om jou eie huiswerk te doen want dit voel asof jy onder hulle toesig eintlik vir hulle huiswerk moet doen! Dit is die probleem waarmee die gemeente in Tessalonika sukkel: leeglêers wat hulle met mense wat werk se sake wil besig hou.

3. Waarmee was hierdie bedrywige leeglêer in die gemeente en stad Tessalonika só bedrywig?

Hulle was besig met argumente en bewerings oor die wederkoms van die Here wat die gemeente verwar en van stryk af gebring het. Hulle was ook besig met sogenaamde “profetiese uitsprake” wat absoluut niks met die evangelie wat geleer en gepreek moet word iets te doen gehad het nie. (1 Tess. 2:2)

Hulle het mense gedreig en bang gemaak met die wederkoms op só 'n manier asof hulle alles wat hulle mee besig is nou moet uitlos en net moet wag vir die koms van die Here wat hulle sou geweet het dat dit binne 'n paar weke of maande sou plaasvind. Só! Wat moet die lidmate doen? Hulle moet ophou om te werk en te leef en net sit en wag vir die Here. Hulle moet net soos die mense wat hulle met die wederkoms van die Here bangmaak, leeglêers word wat leeglê.

Met sogenaamde “profetiese uitsprake” word bedoel dat hierdie mense nie meer die Woord verkondig het soos Paulus hulle nie, maar sommer sulke ingewings gekry het en dit dan die stem van God genome het. Met hierdie impulsiewe ingewings het hulle mense met goddelike ervarings ook geteister om hul gewone werk en lewe te los, leeglêers soos hulle te word.

In kort! Hierdie mense was nie predikante nie, maar het hulle bemoeisiek besig gehou met die dinge wat predikante moet doen. Met predikantewerk was hulle net bedrywig om leeg te lê en niks te doen wat hulle self moes gedoen het nie en ook nie regtig besig was om te doen wat predikante moet doen nie: om die evangelie te leer en te preek.

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

Hulle was met godsdienstige nonsens besig! Dit is hoe hulle met al hulle geestelike bedrywigheid binne die gemeente niks anders as bemoeisieke leeglêers was nie.

4. Dit was nie die enigste vorm van leeglêery in die stad Tessalonika gewees nie!

Paulus beskryf nog 'n vorm van presies net hierdie tipe mense se leeglêery in die gemeenskap as “die geheime krag van die wettelose” wat binne die stad, gemeente en gemeenskap aan die werk was.

Wat se werk is hierdie geheime krag van die wettelose mens? Die geheime krag van die wettelose mens is dat mense in gesagsposisies nie wet en orde handhaaf nie, maar self wettelose leeglêers is. Dit het gegaan oor mense in regeringsposisies wat hulle met die mag van afgodsdiens besig gehou het, in plaas daarvan om die werk te doen wat hulle as amptenare.

Met kragtige demonstrasies van militêre mag, die kragtige vertoon van goddelike magsuitoefening, wil hulle onaantasbaar wees, terwyl hulle net nie gedoen het wat hulle eintlike werk as regeringsleiers en amptenare was nie.

Om hulle met die vertoon van goddelike krag en mag besig te hou om hulle self as onaantasbare magsfigure uit te beeld, was niks anders as leeglêery nie. Met hulle gewaande goddelike mag vir wil vir almal oor alles voorskryf, sonder dat hulle met hul eie amp en werk besig was. Hulle was bemoeisiek besig met die lewe van ander mense om oor alles en wat mag uit te oefen en nie besig te wees met wat hulle taak is nie.

Hulle was met nonsens besig!

5. Dit is teenoor hierdie valse wêreld van bedrywige nonsens dat Paulus dan die gemeente oproep: moenie moeg word om goed te doen nie!

Hierdie oproep beteken dat Christene is mense wat besig is met hulle eie werk en lewe en doen wat hulle moet doen met hulle eie lewe en eie werk, en nie moeg moet word om met hulle eie werk en lewe bedrywig te wees nie.

Wat die Christene moeg maak is dat hulle lewenswyse in konflik is en hulle in botsing bring met die gemeenskap se mense wat met 'n ander lewenshouding besig is. Die gemeenskap is vol mense wat met nonsens bedrywig is, bemoeisiek besig is met ander mense se lewe en werk terwyl die Christene besig is met dit waarmee hulle besig moet wees.

6. Kom ons luister weer na ons teksgedeelte: “Mag God julle waardig maak vir die lewe waartoe Hy julle geroep het!

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

Hoe?

Deur sy krag as God! Deur sy krag as God maak Hy gelowiges se liefde vir die goeie en hul werk van geloof, volkome! Dit is wat God deur ons eenheid met Jesus Christus in ons en vir ons bewerk!

Die Here maak alles waarmee ons elke dag mee besig is, werke van geloof. Dit is die waarde wat die Here aan ons werke gee. Ons werke is nou geloofswerke! Dit is geloofswerke omdat God dit werke laat wees tot sy eer as God waarin Hy my sy roeping met my uitvoer.

Dit doen die Here deur Christus. Christus maak my vir God die mens wat ek is. Ek is vir God deur Christus goed, reg en heilig, omdat dit is wat Christus met my deel; sy goedheid, regverdigheid en heiligheid as mens. Christus maak dat alles wat ek doen waartoe die Here my geroep het, diens is wat vir Hom goed, reg en heilig is.

Daarom gebeur die volgende met elkeen wat uit hierdie geloof leef: ek leef my eie lewe wat God vir my gegee het as 'n lewe wat waardig is en die moeite werd is om self te leef.

7. Dit is ons eenheid met Christus wat ons ons lewe en werk hierdie nuwe waarde, inhoud en rigting gee. Eenheid beteken dat die Heilige Gees deur sy krag as god my insluit in wie die Here as mens vir my in my plek in die hemel is.

Met hierdie nuwe lewenshouding en rigting, my lewe is waardig, waardevol en die moeite werd om vir God te leef, doen ons alles wat ons ons self mee besig hou, uit liefde vir die goeie.

Ons verskil nie die lewe en werk wat vir ons die moeite werd is, deur gierigheid, magsug en eersug nie. Ons leef om te doen wat ons moet doen, wat dit wat ons vir die Here doen, is waardig en die moeite werd!

Daarom doen ons wat ons vir God doen, die werke waarmee ons onself besig hou in liefde.

8. Wat is 'n leeglêer en leeglêery as ons dit toets aan hierdie lewenshouding en lewensrigting wat God deur sy krag in ons skep deur ons in te sluit in wie Jesus Christus vir ons is?

- 'n Leeglêer is iemand wat nie waardig is om sy eie lewe te leef nie.
- 'n Leeglêer is iemand wie se lewe nie die moeite werd is om te leef nie.
- 'n Leeglêer is iemand wat nie die krag het om lief te wees vir die goeie nie.
- 'n Leeglêer is iemand wat nie uit die geloof leef dat sy lewe en werk die roeping is wa God vir hom gegee het nie.

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

Wat doen leeglêers?

- Hulle bemoei hulle met ander se lewe en werk wat waardig en die moeite werd is om te leef!
- Hulle wil ander mense se lewens vir hulle leef en ander mense se werk vir hulle beheer.

Dit gaan oor rolomkering, soos lidmate wat predikante wil wees en regeringspersoneel wat soos God wil wees. Dit is die innerlike versugting en magsdrif van alle leeglêers en alle leeglêery: mense wat altyd bedrywig en besig is met ander se lewe en werk, nie met hul eie nie.

9. Kom ons toets dit met 'n paar voorbeelde: om leeg te lê deur jou besig te hou met ander se lewe en werk omdat jy nie met jou eie lewe en werk wil besig wees nie.

Ouers wat deur hulle kinders leeglêers is en leeglê!

Ouers is met liefdevolle goeie werke besig wanneer hul besig is om hul kinders te versorg, te help met hul toekoms volgens hul talente en geleenthede, en hul moedswillighede te dissiplineer. Ouers wat hul eie verlore geleenthede deur hul kinders wil uitleef en só baie besig is met hul kinders se lewe, het leeglêers geword. Hulle het beheer gevat en wil voorskriftelik oor hul kinders se lewe wees wat hulle nou in moet terugstaan sodat hul ouers hul self daardeur kan uitleef. Baie besig met hul kinders en nie meer met hul rol en lewe as ouers nie. Dit is leeglêery.

Kinders wat deur hul ouers leeglêers is en leeglê!

Kinders wat nie besig is met huiswerk en hul eer verdien met hul skoolwerk nie, maar wat met pa se bakkie rondry en wys hy is baas, is nie baas nie. Hy is 'n leeglêer wat met pa se bakkie baie bedrywig is om leef te lê.

Arbeiders wat deur hul werkgewers leeglêers is en leeglê!

Net so is dit deesdae met arbeiders. Hulle word bemagtig deur vakbonde en die regering om kamstig nou met die bestuur en besluite van die plaas besig te wees. Met al hierdie bedrywigheid is hulle nou leeglêers wat nie meer hul arbeid doen nie en ook nie verantwoordelikheid dra vir al hul bedrywighede asof hulle die plaas regeer nie.

10. Moeg om goed te doen!

Dit is die gemoedstoestand wat Paulus in hierdie gemeente en gemeenskap aanspreek. Hierdie moegheid is nie moegheid om met sleurwerk besig te wees, moeg weens verveeldheid nie; dit is ook nie moegheid weens die veeleisendheid van die werk nie.

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

Hierdie is 'n moegheid om waardig jou eie lewe te leef in die geloof dat jy met jou roeping van God mee besig is. Die rede vir hierdie tipe moegheid is dat die bemoeisiekheid van mense wat hulle met jou sake wil besig hou te oorweldigend en te uitmergelend is.

Afgerem in jou eie roeping, werk en lewe vir deur mense wat jou werk en lewe wil opeis om hulle mee besig te hou, omdat hulle nie met hulle eie lewe en werk besig is nie.

'n Leeglêer regering wat met leeglêery besig is! Dit is wat ons so moeg maak.

Owerhede en amptenare wat hulle die hele tyd besig hou en bedrywig is met alles behalwe om te regeer en dienste te lewer. Waarmee hou hulle hul besig? Deur bemoeisiek te wees en jou werk te wil beheer met hulle menings, voorskrifte en reëlins wat totaal niks te doen het met die wet en orde van die land of enige dienslewering wat hulle verpligting is nie.

Hulle voel hulle werk is om hulle met jou werk besig te hou! Wat noem die Here se Woord hierdie leeglêery? Dit is die geheime, of verskuilde mag van die wettelose. Hulle maak hul ampsposisie die mag waarin hulle soos god wil wees in plaas daarvan om gemeenskapsdiens te lewer.

Dit maak ons wat met ons roeping teenoor die Here en ons met goeie werke besig hou, moeg! Hierdie verskuilde wetteloosheid en wetteloses wat nie hul werk doen nie, maar soos God oor alles en almal wil heers. Dit is die wetteloosheid en bemoeisiekheid van hierdie leeglêers wat ons so moeg maak in ons eie werk.

11. 'n Leeglêer kerk waar geestelikes hulle met leeglêery besig hou! Dit is wat ons so moeg maak.

Die eie werk en taak van die kerk is om die evangelie te verkondig, die sakramente as tekens van die evangelie te bedien en mense op te roep tot geloof in en geloofsgehoorsaamheid volgens die evangelie.

Waarmee hou hulle hul besig? U kan dit hoor in die nonsens wat hulle praat in plaas daarvan om die lyding, kruisiging en sterwe van die Here te verkondig. Hulle leeglêer boodskapklink só:

- Jy is te sleg om jou eie lewe te leef en jou lewe het geen waarde vir God nie.
- Daarom moet jy die beheer van jou lewe prysgee, jou lewe opgee en God die beheer van jou lewe laat vat sodat Hy sy lewe deur jou kan leef.
- Hulle, hierdie leeglêergeestelikes, sal dan jou lewe namens God beheer, bestuur en hul lewe deur jou lewe leef terwyl jy moet glo dit is nou God wat deur jou leef.

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

Dit is die nuwe geestelikheid wat hulle wil besig hou met kursusse oor hoe jy jou lewe moet leef – verhoudingskursusse, huwelikskursusse, opvoedingskursusse oor kinders, kursusse vir werkgewers oor arbeiders, seksuele voorligtingskursusse, kursusse hoe om te versoen, jou werk en eiendom te los en vir ander te gee.

Dit is die nuwe geestelikheid waarin elkeen voel hy vir ander moet leer en wys hoe hulle hul lewe moet leef en hul werk moet doen. Hulle noem ons in ons eie kerk “bemagtigde leiers”. In die NGKA en V GK het hierdie leeglêergeestelikheid nou al só ver gegaan dat elkeen wat ’n ouderling of diaken is, sy eie kerk stig, waarin hy hom self besig hou met die lewe en werk van vir ’n groepie mense wat hy leer dat hulle nie hul eie lewe self kan leef of hul eie werk self kan doen nie.

In beheer en voorskriftelik oor alles, maar hulle verkondig nie meer die evangelie nie! hulle lidmate ken nie meer die bekenis van die lyding, kruisiging, sterwe en opstanding van die Here nie.

Dit is wat mense so moeg vir die kerk maak. Moeg dat elkeen dink hy is ’n geestelike wat hom met jou lewe en jou werk kan besig hou, terwyl hy self nie eers die evangelie ken nie en nooit die evangelie verkondig nie.

12. “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.”

Paulus is nie hier besig om ’n streep deur die barmhartigheid en hulp aan mense te trek nie. Terwyl hy hierdie brief uit die stad Korinte aan die gemeente in Tessalonisense skryf, is hy besig met ’n groot kollekte vir die arm gelowiges in Jerusalem.

Dit is ook nie ’n hardvoggige en hoogharige houding van arm mense is arm omdat hulle lui en sleg is nie! Die armoede in Jerusalem was veroorsaak deur ’n uitmergelende droogte en die plundering van Rome van die land en inkomste van die Jode.

Hierdie sin: “As iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie”, beteken dat hulle wat met hul roeping besig is nie nonsens mag ondersteun en finansier nie. Mense wat nie hul eie werk doen nie en hul nie met hul eie lewe besig hou nie, maar van bemoeisiekheid met ander se lewe en werk ’n inkomste wil, maak, mag nie finansier of ondersteun word nie.

Dit is nie harteloos of hardvoggig nie. Dit is ’n lewenshouding uit ons geloof dat God ons aan ons roeping bind en mense waardig maak om hul met hul taak en lewe wat God vir hul gee, besig te hou. Dit is ’n geloofshouding dat ons nie ’n wêreld gaan skep, onderhou en in leef waarin hulle wat hul roeping vervul, moet betaal vir mense wat van ander mense se werk en lewe hul besigheid wil maak nie.

Christus maak ons waardig om weer ons eie lewe in liefdevolle diens te leef

13. Dit is ook die betekenis van die oproep: moenie moeg word om goed te doen nie!

Ons mag nie die geloof in die waarde wat Christus aan ons lewe en werk gee, verloor en voel dat ons te sleg is om die lewe waarvoor die Here ons gemaak en geheilig het meer te leef nie. Ons mag nie moeg word in die regte wêreld soos God die wêreld laat werk te leef nie! Want dit is oorgawe aan leeglêers se leeglêery!

Dan sal ons leeg word, leeg leef en leeg wees!

Deur al hierdie bemoeisiekheid van leeglêers wat hulle voorskriftelik met ons werk en lewe wil besig hou, behou ons die geloof in God wat ons waardig maak en liefde vir die goeie werke gee waarvoor Hy ons maak en roep!

Ons kan nie langer meer aangaan om te maak asof ons hierdie leeglêery kan net kan ignoreer, ondersteun of net kan bly ondersteun nie. Om ons lewenswyse te behou dat ons ons met ons eie lewe besig hou, en dit die lewenswyse is waartoe almal bestem is, sal ons in hierdie land moet in verzet kom teen die leeglêery van hulle wat met ons werk en lewe hul wil besig hou.

Kom ek gee vir u twee voorbeelde. Waaroor dink u gaan hierdie lae intensiteit burgeroorlog in Vuwani tussen die Venda en Shangaans? Dit gaan oor die belasting geld wat nog in Louis Trichardt betaal word deur mense wat nog besig is met hul eie lewe en eie werk! Hierdie geld word deur die raad gevat en spandeer in gebiede waar daar min en eintlik geen belasting betaal word soos in Louis Trichardt nie. Dit is leeglêery om mense wie werk en belasting betaal op mense wat drie verdieping huise bou en nie belasting betaal nie. Ons kan nie met hierdie finansiering aanhou nie. Daar sal moet verzet daarteen kom. Wie nie werk nie mag nie eet nie!

Net so! Met die nuwe gesondheidstelsel moet mense wat werk nou nog meer belasting betaal sodat hulle nie meer hul eie mediese fondse sal kan finansier vir privaat medies nie, maar met hul belasting gaan mense privaatmediese dienste kry, wat nie werk nie. Die wat hierdie plundering reël is volgens die Bybel leeglêers.

Kom ons behou die geloof in die waardigheid van ons roeping en bly volhard in ons geloof dat ons met ons eie werk en lewe God kan liefhê en dien. Daarvoor het die Here ons geheilig. Kom ons gaan leef hierdie lewenshouding uit in hierdie land: wie bemoeisiek nie sy eie werk doen nie, maar hom besig hou met ander se werk – mag nie eet nie. Ons kan nie só 'n lewenshouding dra of ondersteun nie, net soos kinders nie kinders wat hul eie huiswerk doen nie, maar moet verdra en aanhou om hul werk vir hulle te gee nie.